# TERUGBLIK

## *Die Musieklewe op Stellenbosch Vyf-en-Dertig Jaar Gelede*

deur **HANS ENDLER**

(Stigter en Eerste Prinsipaal van Konservatorium vir Musiek, Stellenbosch.)



DIE gevoel van verslaenheid wat hom van my meester gemaak het toe ek vyf-en-dertig jaar gelede my tuiste in Suid-Afrika kom soek het, sal verstaanbaar wees vir elkeen wat bekend was met Stellenbosch in 1903. Ek het so pas uit die woeligste en grootste Europese stede met hul musikale bedrywighede gekom, en die teenswoordige bloeiende universiteitsdorp was iets van die verre toekoms. Destyds, meer as ooit, het dit die beskrywing: „diep in die rus van die eeue gesus" verdien.

Daar was nie 'n enkele restaurant nie, nie 'n kamer te huur en geen bioskoop, om van 'n operagebou of 'n musieksaal nie eens te praat nie. As sodanig het die Universiteit nog nie bestaan nie, en die Konservatorium vir Musiek was nog nie gestig nie. Daar is dus nooit 'n konsert gehou nie; geen Oratorio's, musiekblyspele of dramatiese opvoerings is ooit aangepak nie. Kortom, daar was nie die geringste beduidenis van musikale lewe of 'n poging om belangstelling vir musiek in hierdie gesuste dorpie wakker te maak nie. As 'n mens vandag oor die pragtige teerpaaie ry, is jy geneig om die ongeriewe van vroeër dae te vergeet. Toe was die hoofstraat 'n stowwerige, verwaarloosde pad by dag en 'n ware valstrik by nag: straatlampe het natuurlik ontbreek, en tot oormaat van ramp het twee diep meulslote weerskante van die straat geloop. Die enigste manier waarop 'n mens met behoud van jou lewe (en dan ook net dit) na donker op straat kon loop, was om aan die lugstreep tussen die hoë akkerbome te skat waar die middel van die straat is. Die ongeluk het die arme sondaar gehaal wat afgedwaal het van hierdie eng en smalle weg. So het 'n onderwyseres eenmaal in die sloot geval, en toe sy klagte indien by die stadsvaders omtrent die afwesigheid van straatlampe, is haar met voorvaderlike wysheid meegedeel dat daar daardie nag volgens die kalender 'n volmaan moes geskyn het.

Dit was in hierdie atmosfeer dat ek my bevind het by my aankoms op Stellenbosch, en dit was met groot twyfelmoedigheid dat ek vooruitgekyk het na die konsert wat mnr. Jannasch in die Bloemhofsaal gereël het. Hy het 'n paar amateurs, mnr. Metzler van die Paarl en myself bymekaar geskraap vir die geleentheid. Vol groot verwagtings het hy die aand die dirigentstok opgelig. Die langverwagte oomblik het aangebreek. Omtrent 250 mense het in die beknopte saaltjie vergader, en hoe later dit geword het, hoe dikker het die lug geword. Hiertoe het die rokende olielampe — die enigste ligte wat daar was — ruimskoots bygedra. Hoewel ons nie juis eendragtiglik weggeval het nie, het ons tog gelyk geëindig, en die gehoor het ons geesdriftig toegejuig.


Daarna het ons 'n strykkwartet in die lewe geroep wat bestaan het uit mnr. Karl Metzler, voorheen lid van die Bayreuth-Wagner-Feesorkes, eerste viool; mnr. Fred Smuts, 'n baie bekwame speler, tweede viool; mnr. A. Runge, altviool en Hans Endler, tjello. Ons het onsself die Germania-kwartet genoem en daarna gereeld kamerkonserte op Stellenbosch in die Victoria-Kollegesaal gehou. Op 'n konsertreis wat ons onderneem het, het ons dorpe soos Paarl, Worcester, Colesberg, Cradock en talle ander besoek. In die Kollegesaal het ek ook 'n aantal blyspel-operas opgevoer. Vir die studente was hierdie uitvoerings iets nuuts en hulle het dié geleenthede nooit laat verbygaan sonder om 'n bietjie pret gedurende die opvoerings uit te haal nie. Ek moes dus altyd minstens drie konstabels in die saal op diens hê. Dit kon hulle egter nie weerhou daarvan om die Bloemhof-meisies met pyltjies te gooi as hulle op die verhoog verskyn of om gedurende die opvoerings buitekant die vensters te staan en miaau nie. Mnr. Trengove, wat die kaartjies moes verkoop, het ook altyd kommervolle aande gehad, en meer as eens is hy omsingel en beetgepak deur die studente. Ek het egter gou 'n plan beraam om die onbedaarlikste sondebokke in toom te hou. Ek het 'n „Swart Lys" opgestel en dit aan die matrone, mej. Hauptfleisch, van die meisieshostel vir musiekstudente, Harmonie, voorgelê. Sy het die meisies verbied om na 'n konsert te gaan met 'n student wie se naam op hierdie lys gepryk het. Nietemin moes ek nog dikwels kennisgewings opplak wat die uitdop van grondboontjies of die gefrommel van lekkergoedpapier gedurende uitvoerings verbied.

Ek het die hulp van baie beroemde manne met my musikale uitvoerings gehad, en ek het hulle nooit te besig gevind om baie van hul tyd af te staan vir die bevordering van musiekwaardering op Stellenbosch nie. Onder hulle was die beroemde wetenskaplike navorser, dr. Broom, wat deelgeneem het aan *Trial By Jury*, proff. Morrison en Mackenzie, dr. Shand, dr. P. Battaerd, adv. A. B. Cluver en baie ander bekende kunstenaars. Troue ondersteuning deur die publiek is in toenemende mate ondervind, en die een sukses het die ander gevolg. Op gesette tye het ek *Trial By Jury, H.M.S. Pinafore, Pirates of Penzance, The Mikado, Miss Hook of Holland, The Merry Widow, The Orchid, The Arcadians, The Quaker Girl* en onlangs ook my eie operettes, *Pa se Dogter* en *In Old Vienna*, opgevoer. Die Oratorio's het groot geesdrif uitgelok, en onder andere het ek *Die Skepping, Die Seisoene, Messias Elijah, Judas Maccabeus, Paulus*, die Kantate, *Die Lye*, van Benoit, en Mendelssohn se *Lofsang* uitgevoer. Van tyd tot tyd het ons feesuitvoerings van die werke van Mozart, Schumann en Beethoven gehad. In 1926 en 1927 het ek 400 studente na die Kaapstadse stadsaal geneem om Palestrina, Haydn, Schubert, Mozart — en Wagner te sing. My eie orkes van vyf-en-twintig spelers het saam met die Stadsorkes opgetree. Dr. Cillie, wat voorsitter was van die Senaat, het ons vergesel en in Kaapstad is ons as die Burgemeester se gaste onthaal. Van tyd tot tyd het ek reëlings getref vir verskeie geleerdes om lesings op Stellenbosch te kom gee. So het monsignor F. C. Kolbe gepraat oor Griekse en Gregoriaanse musiek, Dante en ander onderwerpe van estetiese belang; dr. Bender oor Hebreeuse musiek; dr. Keet van die Teologiese Seminarium oor „Opvoeding"; ds. Retief van die Lutherse Kerk oor „Die Invloed van Musiek op die Godsdiens"; en dr. Gauss van Kaapstad oor die „Fisiologie van die Stembande". Ek het self by geleentheid lesings gegee oor kunswaardering, die oorsprong van strykinstrumente en oor kamermusiek.

Hieruit blyk dit dat die Stellenbosse ingesetenes in alle erns die verskillende uitvoerings, waarvan ek reeds melding gemaak het, aangepak het. Ek onthou nog goed hoe lede van die koor en orkes eenmaal toe ek besig was met die instudering van 'n Oratorio, 'n petisie geteken het waarin hulle versoek dat die gehoor gevra word om dwarsdeur die hele stuk hulle te onthou van enige toejuiging. Hierdie onverbiddelike versoek het my baie vermaak verskaf en ek het vermoed dat die opstellers daarvan begerig was om baie korrek en geleerd voor die res van die gemeenskap te lyk. Om hulle tevrede te stel het ek telegramme aan vier bekende musici gestuur en hul advies oor die saak gevra. Hul antwoorde was so ten gunste van applous dat die petisionarisse onder die indruk daarvan gekom het, en nadat ek hulle verder vermaan het teen die gevaar van 'n gehoor te verplig om hul gevoelens te sit en opkrop, was my sangers en spelers tevrede. „Buitendien", so het ek afgesluit, „die gehoor sal julle gou genoeg van hul misnoeë in kennis stel as julle swak sing."

Die professore aan die Teologiese Seminarium, proff. Hofmeyer, Marais, Muller en De Vos was fynbeskaafde manne. Hulle was geesdriftig oor enigiets wat die jeug kon verhef en inspireer. In hul gasvrye wonings het ek meer as een aangename aand deurgebring. Daar is omtrent nooit 'n konsert gehou nie of prof. Hofmeyr het 'n paar woordjies van dank en aanmoediging uitgespreek en die mense aangemoedig om my verdere pogings te ondersteun. Met hierdie manne het ek

(*Vervolg op bladsy* 17.)



Beethoven in sy studeerkamer

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012



Die spelers en orkes in die operette „In Alt Wien"

# TERUGBLIK

(*Vervolg van bladsy* 15.)

ook die stigting van die Konservatorium bespreek. En dit was hul raad wat ek gevolg het toe ek mnr. Jannasch, mnr. Schniter, mev. Von Willich en mej. Nancy de Villiers gevra het om by my aan te sluit. Op hierdie wyse het die Konservatorium tot stand gekom. Soos dit destyds gebeur het, het mnr. Jannasch musiekonderrig laat vaar en aangesluit by die firma R. Müller in Kaapstad om behulpsaam te wees met die verkoop van orrels. Gedurende sy afwesigheid het hy 'n klavieronderwyser, mnr. Schniter, gevra om sy werk waar te neem. Mnr. A. Runge, wat destyds bestuurder was van R. Müller se musiekwinkel op Stellenbosch, was my raadsman en eerste sekretaris. Aangesien nòg mnr. Jannasch, nòg mej. De Villiers die personeel of die vertrekke gehad het wat nodig is vir die uitvoering van orkes- en koorwerke of die opleiding van studente in stryk-, houtblaas- of koperinstrumente, het mnr. Runge en ek besluit om 'n Konservatorium te begin.

Die oorlogsjare was 'n tyd toe mev. Endler en ek maar heelwat moeilikheid moes deurmaak. Ek was toe nog nie 'n genaturaliseerde Suid-Afrikaner nie. Die gevoelens het hoog geloop, en baie mense was gesteurd daaroor dat ek vry op parool kon rondloop en nie saam met ander Duitse onderdane in die kamp was nie. My orkes- en kooroefeninge is baie belemmer geword. Baie mense wat ek as my beste vriende gereken het, het die rug op my gekeer. Gelukkig het ek my sin vir humor nie verloor nie. Op 'n aand toe 'n polisiesersant my op die verhoog wou arresteer, het ek tot groot voldoening van die gehoor en myself deur die agterdeur ontsnap. Ek sal altyd die grootste dankbaarheid in my hart koester teenoor mnr. Merriman, wat my van die konsentrasiekamp gered het en my trou verdedig het in daardie dae van beproewing. In 'n brief aan my skryf mnr. Merriman: „The Minister writes: your friend the fiddler will be allowed to charm the people of Stellenbosch" ens.

In die ou dae het die Victoria-Kollege net 250 studente op die register gehad en 'n personeel van ses professore. Vandag spog Van der Stel se dorp met een van die mooiste universiteite in ons land waarin daar honderd uitstekend gekwalifiseerde professore en lektore is en meer as 1500 studente. Soos ons almal weet, is musiek een van die mees verfynde kunste in die wêreld. Vandag behoort die vrugte van vroeëre pionierswerk gepluk te word. Maar die land word bloots gery deur eksamens, en dit geld ongelukkig vir sowel die kunste as die wetenskappe.

Eksamens maak nie 'n musikant nie. Dis wis en seker. Die musiekkunstenaar word nie gevorm deur die slaag van 'n eksamen of die afrigting van vingers en verstand nie, maar deur die ware opvoeding van die gees tot waaragtige, lewende waardering van die skone in musiek. Ons ken almal die eksamen-duiwel, en onderwysers behoort te waak daarteen dat die meganiese dril wat dit vereis nie die liefde vir musiek doodsmoor nie. Aan elke universiteit en musiekakademie in Europa of Amerika wat iets beteken, vind ons kamermusiek en 'n orkes as lewende en lewegewende, onmisbare dinge in dié inrigtings. Wat hierdie deel van die Onsterflike Kuns betref, lyk dit helaas asof Stellenbosch en Kaapstad in 'n Babiloniese ballingskap verkeer. In 1913 het ek 'n konsert in die Weense *Musik Vereinssaal* bygewoon. 'n Orkes, twee maal so groot as die Kaapstadse Munisipale orkes, het 'n uitmuntende uitvoering gegee. Die lede van daardie orkes was nie beroepspelers nie, maar studente wat behoort het aan die Weense Universiteitsorkes.

Wat kan Stellenbosch of Kaapstad wys wat betref orkeste of die uitvoering van kamermusiek?

As 'n pionier op die gebied van musiek in Stellenbosch neem ek die vryheid om 'n beroep te doen op die studente van die Universiteit en op musiekstudente dwarsdeur die land om te ontwaak tot die ware gees van die musiek, hul erfdeel in hierdie land van son en helder lugte, en te help met die vorming van 'n orkes wat hul Alma Mater waardig sal wees. Dan sal ons weer daardie groot opvoedende krag in die musiek, die kamermusiek in ons midde hê.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# WELGESTELDE STRAATMUSIKANTE

## Met 'n Motor na die Ateljee

DIE B.B.C. in Londen het onlangs twee jong musikante, 'n ghitaarspeler en 'n straatsangeres, van die straat gehaal om hulle tot sterre van die gewilde middaguitsendings te maak. So iets gebeur miskien ook by ander uitsaaistasies, maar wat belangrik is in hierdie geval is 'n ander omstandigheid. Die amptenare van die B.B.C. was nl. nie min verwonder nie toe die tweetal vir hul eerste optrede in hul eie motor aangery gekom het. Dit was weliswaar nie 'n Rolls-Royce nie, maar daarenteen was dit ook nie 'n armoedige voertuig nie.

Die amptenare het die straatsangers baie beleef gevra of hulle dan genoeg verdien om 'n motor te kan aanhou en het ten antwoord gekry dat hierdie twee straatsangers — wat hul kontrak met die B.B.C. reeds geteken het — meer verdien as die afdelingsbestuurder wat hulle van die straat „gered" het!

Die paartjie is al geruime tyd getroud en begin hul werk soggens om elfuur. Hulle werk volgens 'n voorafbepaalde plan, want al die „vrygewige" wyke van Londen is op hul groot kaart afgeteken. As een stadsdeel „afgewerk" is, ry hulle gou in hul motor na die volgende. Hulle werk, met onderbrekings, is presies agt uur elke dag. Altwee is uitstekende, hoewel ongeskoolde sangers. Volgens 'n mededeling van die man, verdien hulle minstens drie pond per dag, maar dikwels is hul ontvangste nog baie hoër, veral op dae van operas en konserte.

Selfs die ontdekking deur die amptenare van die B.B.C. was nie toevallig nie, maar is deur die saaklike paartjie uitgelok. Hulle het nl. 'n week lank op 'n bepaalde uur in 'n bepaalde straat gaan staan, daar hulle geweet het dat 'n amptenaar van die B.B.C. gereeld langs daardie straat na sy kantoor gaan. Die amptenaar het hulle inderdaad op 'n gegewe oomblik aangespreek en versoek om hom na die ateljee te vergesel. Hulle het so goed gesing en hulself origens so uitstekend gekwyt dat hulle 'n uur later 'n kontrak in die sak gehad het.

Hul straatopvoerings wil hulle egter nie prysgee nie. Hulle hoop om hul daaglikse inkomste te verdubbel as gevolg van die feit dat hulle tans sterre is. Miskien koop hierdie merkwaardige „armes" op 'n dag nog werklik 'n Rolls-Royce!

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012